

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. BEANTWOORD SLEGS DIE VRAE OOR DIE TONEELTEKSTE WAT JY BESTUDEER HET.

2. Jy word VYFTIEN minute leestyd voor die begin van die eksamen toegelaat.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A (30 punte)
   AFDELING B (60 punte)
   AFDELING C (60 punte)

4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae:

   VRAAG 1: Epiese Teater
   - *Kaukasiese Krytsirkel* OF
   - *Moeder Courage* OF
   - *Kanna Hy Kô Hystoe*

   VRAAG 2: Teater van die Absurde
   - *Afspraak met Godot* OF
   - *Die Kaalkop Prima Donna* OF
   - *Bagasie*

   Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING A.

5. AFDELING B bestaan uit AGT vrae:

   - VRAAG 3: *Boesman en Lena*
   - VRAAG 4: *uNosilimela*
   - VRAAG 5: *Woza Albert!*
   - VRAAG 6: *Sophiatown*
   - VRAAG 7: *Nothing but the Truth*
   - VRAAG 8: *Groundswell*
   - VRAAG 9: *Siener in die Suburbs*
   - VRAAG 10: *Missing*

   Beantwoord slegs TWEE vrae uit AFDELING B.

6. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae.

   VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND.
   Beantwoord enige EEN van die drie vrae uit VRAAG 13:

   - VRAAG 13.1 OF
   - VRAAG 13.2 OF
   - VRAAG 13.3

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Gee aandag aan die getal punte wat aan elke vraag toegeken is.

9. Gebruik jou klaskamerkennis, asook onafhanklike en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord ÓF VRAAG 1: EPIESE TEATER ÓF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.

### VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy die volgende bestudeer het:

- *Kaukasiese Krytsirkel* OF
- *Moeder Courage* OF
- *Kanna Hy Kô Hystoe*

| |
|---|
| Brecht het geglo dat, om die gehoor te 'verlei' om te glo dat hulle na die 'werklikheid' kyk, tot 'n onkritiese aanvaarding van die samelewing se waardes gelei het. Hy het geglo dat om stelle eenvoudig te hou en om beligtingsinstrumente bloot te stel ... 'n produksie 'n gehoor sou toelaat om die emosionele objektiwiteit wat nodig is om die waarheid oor die samelewing te leer, te behou. – Willett |

Beskryf in 'n opstel die teatertegnieke wat in Epiese Teater gebruik word. Bespreek hoe hierdie tegnieke die gehoor toegelaat het om 'objektiwiteit ... te behou'. Verwys na spesifieke voorbeelde uit die toneelstuk wat jy bestudeer het. **[30]**

**OF**

### VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Beantwoord hierdie vraag indien jy die volgende bestudeer het:

- *Afspraak met Godot* OF
- *Die Kaalkop Prima Donna* OF
- *Bagasie*

| |
|---|
| Non sequitur, onsinnige taal, eksistensiële karakters, belaglike situasies – dit is die stempel (eienskappe) van die teater van die absurde. – Edwin Wilson |

Bespreek die geldigheid (waarheid) van die aanhaling hierbo. Verwys na, en beskryf, spesifieke voorbeelde uit die absurde toneelstuk wat jy bestudeer het. **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**



**'n Produksiefoto van *Boesman en Lena* deur Athol Fugard, by die Catalina Teater**

3.1 Bespreek of jy dink dat BRON A, 'n collage van twee foto's, gepas sou wees as 'n plakkaat vir 'n produksie van *Boesman en Lena.* (4)

3.2 Verduidelik hoe die kostuums en rekwisiete wat in BRON A getoon word, geskik sou wees vir 'n opvoering van *Boesman en Lena*. (2 x 2) (4)

3.3 Die aktrise wat Lena in die bron hierbo uitbeeld, is 'n wit aktrise, alhoewel die rol dié van 'n bruin vrou is. Sal dit beïnvloed hoe die gehoor op hierdie produksie sou reageer? Motiveer. (4)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

**BRON B**

*(Die ou man staan stadig op en begin wegbeweeg. Lena gooi haarself geweldadig teen hom.)*

LENA: *Not a damn!* Ek is nie klaar nie. Jy kan nie net gaan nie, wegloop asof jy nie gehoor het nie. Jy het my gevra. Ek het jou gesê. Dis is waarmee ek gelos word. Jy het twee oë. Sit en kyk!

*(Sy forseer die ou man terug op sy krat. Lena kalmeer.)*

OU MAN: Lena!

LENA: Lena.
*(probeer om hom te laat bedaar)* Ek sal Boesman vra om jou 'n dop te gee. *Okay?* Sal nie te sleg wees nie. Waarheen kan jy nou gaan? Donker daar buite, Outa. Skelms sal jou gryp.
(*Sy hoor 'n geluid … beweeg 'n paar treë en staar in die donkerte in.)*
Hy kom. Luister, ons moet nou slim wees. Moenie *happy* lyk nie. En moet niks sê nie. Sit net stil. Maak asof ons nog kwaaivriende is.
*(Sy gaan terug na haar vuur toe. Nog 'n idee stuur haar haastig terug na die ou man.)*
Nee. Ek weet wat jy doen. As hy terugkom, sê jy jy sal môre vir ons wyn koop. Sê jy't 'n *job* in Swartkops en as jy jou *pay* kry, koop jy wyn. Hoor jy my. *(Gewelddadig) Hey* ...!

3.4 Beskryf die fisiese en stemaanwysings wat jy aan die aktrise wat Lena speel, sal gee sodat sy hierdie toneel realisties kan uitbeeld. Sluit in jou antwoord verwysings na fisiese bewegings, gebare, gesigsuitdrukkings en stemvariasie in. (6)

3.5 Outa sê baie min in die toneelstuk, maar hy is noodsaaklik vir die ontwikkeling van die intrige (storie).

Verduidelik die belangrikheid van Outa se rol in *Boesman en Lena*. (4)

3.6

> Hulle situasie is hopeloos; hulle lot is om eindeloos voort te ploeter van die een dorre en onvergewensgesinde plek na die volgende; uitgeworpenes, dronkaards, die skuim van die mensdom deur omstandighede en die noodlot.
>
> – Gisele Turner

Bespreek, met voorbeelde, hoe die stelling hierbo 'n akkurate (korrekte) beskrywing van die toneelstuk, *Boesman en Lena*, is. (8)
**[30]**

 Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA

Lees die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON A

THE INGANEKWANE [THE FOLKLORE]

*The song of the Children of the Sun sung in darkness:*

Maye kumnandi ukuba izingane zelanga, maye kumnandi ukuba izingane zelanga … [How lovely it is to be the children of the sun.] Singabantwana bokukhanya nobuhle, singabantwana bokukhanya nobuhle, maye kumnandi … maye kumnandi izingane zelanga. [We are the children of light and beauty.]

*Girl dancers enter Inkundla, gracefully swaying and making signs symbolising the appearance of the sun at dawn. The men enter the Shashalazi. As they all enter, dancing, they sing:*

Velani velani bantwana velani! [Come out, my children, come and be seen. Come!]

*The dancers come together in the Inkundla and face the trees and houses of the king's umuzi, which is set on the iThala. It is the Great Place of Magadlemzini, King of the amaQashi. The storyteller enters dramatically!*

STORYTELLER: Bantabami, hlalani phansi! [My children, sit down!] In the name of the great gods of our fathers, in the name of Dumakade the far thunderer, and Somnganise the friendly one, god of peace, and also in the name of Mvelinqangi, first-born of the almighty and the great mother of creation, we might this night do something so beautiful it will delight the ancestral spirits in the village …

DANCERS: [*too quietly*]: Yebo, baba [Yes, baba]

STORYTELLER: [*angrily*]: Niyezwa, ndlebe zenu? [I said, do you hear?]

DANCERS: [*much louder this time*]: Yebo, baba!

4.1 Verduidelik die uitwerking van die herhaling van die woord 'children' in BRON A. (2)

4.2 Verduidelik die toneelmatige belang van die storieverteller ('Storyteller') se toespraak aan die kinders. (Reël 17–22) (3)

4.3 Bespreek hoe BRON A, die openingstoneel van die toneelstuk, dien om 'n gepaste atmosfeer te skep om die gehoor voor te berei op die spesifieke produksiestyl. (4)

4.4 Bespreek hoe jy die kinderkoor sou lei om *'The song of the Children of the Sun sung in darkness'* fisies en vokaal op te voer. (Reël 3–15) (6)

4.5 Regverdig hoe *uNosilimela* geklassifiseer sou kon word as 'n voorbeeld van volksoorleweringsdrama. Verwys in jou antwoord na BRON A en die breër konteks van die toneelstuk. (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON B**



***uNosilimela*** **deur Credo Mutwa**

4.6 Noem die verhoogtipe wat in BRON B getoon word. (1)

4.7 Noem DRIE uitdagings wat met die aanbieding van hierdie opvoering in die ope lug (buite) geassosieer word. (3)

4.8 Verduidelik waarom die soort verhooginkleding, wat in VRAAG 4.6 genoem is, vir 'n opvoering van *uNosilimela* geskik is. Verwys in jou antwoord na die gebruik van kostuums, rekwisiete en die akteur/gehoor-verhouding. (7)
**[30]**



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**




***Woza Albert!* deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon**

5.1 Die skeppers van *Woza Albert!* is beïnvloed deur die tegnieke van Arm Teater.

5.1.1 Bespreek DRIE kenmerke van Grotowski se Arm Teater. (6)

5.1.2 Verduidelik die funksie van die halwe muurbalballetjie wat pienk geverf is (gemerk A). (1)

5.1.3 Die teekiste (gemerk B) is deel van die stel. Noem TWEE ander maniere waarop die teekiste in die toneelstuk gebruik word. (2)

5.1.4 Wat is die doel van die hangstaaf (gemerk C)? (1)

5.2 *Woza Albert!* was oorspronklik 'n werkswinkeldrama wat uiteindelik in teksvorm gedruk is.

As jy 'n regisseur was, voor watter uitdagings sou jy waarskynlik te staan kom as jy moes repeteer vir 'n moderne produksie van die toneelstuk? (5)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON B**

| | |
|---|---|
| MBONGENI: | Having rest, baas. Still smoking. |
| PERCY: | Do you think I pay you for smoking? (Glances at the truck) Hey push the truck! |
| MBONGENI: | We pushed the truck! Ten thousand bricks! Boss, there's too much work for two people. Me and Bobbejaan start the engine. Me and Bobbejaan shovel the sand. Me and Bobbejaan load the bricks. Me and Bobbejaan push the truck! Aaay suka! We need other people! |
| PERCY: | There's no jobs! |
| MBONGENI: | There is jobs! Ten thousand bricks! This morning there were many people at the gates standing there looking for work. And you chased them away! |
| PERCY: | Zuluboy, you're getting cheeky, huh? |
| MBONGENI: | I'm not getting cheeky. It's true. |
| PERCY: | Ja! I'm cutting down your salary. I think you're getting too much! Ja! Ja! |
| MBONGENI: | The boss can't cut salary. |
| PERCY: | Ek kan dit doen! [I'm going to do it] … |
| MBONGENI: | That's not showing sympathy for another man. The cost of living is too high. There is too much inflation. |

5.3 Hoe kan die gebruik van IsiZulu- en Afrikaanse frases in reël 7, 'Aaay suka!', en reël 17, 'Ek kan dit doen!', die toneelstuk verbeter? (3)

5.4 Verduidelik watter stem- en fisiese aanwysings jy aan 'n akteur wat Mbongeni speel, in reël 4–7 sal gee om te verhoed dat die herhaling van stellings dieselfde klink. (6)

5.5 Identifiseer en bespreek die toepaslikheid van die temas in BRON B vir Suid-Afrikaanse gehore vandag. (6)

**[30]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP**

Bestudeer BRON A en B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

| | |
|---|---|
| JAKES: | Sophiatown, Softown, Kofifi, Kasbah, Sophia… Place of Freedom Square, and the Back of the Moon. Place of Can Themba's House of Truth. Place of G-men and Father Huddleston's Mission. Place of Balansky's and Odin Cinema. And let's never forget Kort Boy and Jazz Boy and the Manhattan Brothers, and Dolly Rathebe singing her heart out – here in Sophia… The Americans, the Berliners, the Gestapo, the Vultures – they fought here and blood ran in the streets of Sophia… 65 Gerty Street, that's where I found myself, in a shack at the back of a Softown cottage. Live-in at Mamariti's Diamond Shebeen. One pound a month! I say an exhorbitant price to pay for a room hardly big enough to hold a bed. Tap in the yard, toilet in the corner – but it was grand because it was Softown. Freehold! It was ours! |

6.1 Waarom is die toneelstuk, *Sophiatown,* 'n waardevolle deel van ons erfenis? (4)

6.2 Verduidelik die rol van die karakter van Jakes in die toneelstuk, *Sophiatown.* (4)

6.3 Bespreek hoe Jakes se openingsmonoloog die toneel voorberei (inligting gee) vir die res van die toneelstuk. (4)

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON B**

MINGUS: Hold it! Hold It! I'll decide. (*He takes a long walk around her, evaluating her.)* Alright she can stay.

LULU: Yay!

JAKES: I knew it would work out. You'll stay with me of course. I've got a room at the back.

RUTH: I beg your pardon?
*(*Princess *bursts out laughing, long and loud.)*

MINGUS: What you laughing at? I didn't bring you here to laugh at our guests.

PRINCESS: Ha! This Jewish is going to stay in the back with the situation. This I want to see.

MINGUS: Luister – watch out … watch out!

RUTH: 'Scuse me – I really don't think it's such a good idea to share a room – I hardly know you.

JAKES: It's quite alright. There's a curtain I'll put up.

RUTH: On the telephone you said I could have a room all to myself.

PRINCESS: A room all to yourself! Are you some kind of moegoe? (Stupid)

6.4 Op watter wyse is Princess se harde gelag (reël 7) tipies van haar karakter? (3)

6.5 Verduidelik hoe Ruth se verwagting en reaksies (reël 6 en reël 12–13 en 15) dramatiese spanning in die toneel skep. (3)

6.6 Verbeel jou dat jy die karakter van Mingus vertolk. Hoe sal jy reël 1–2 vokaal en fisies lewer om sy arrogansie te beklemtoon? (4)

6.7 … Mandela het in sy outobiografie geskryf dat Sophiatown nie gesterf het met die klank van geweerskote nie, maar met die klank van dreunende vragmotors en voorhamers. – John Edwin Mason

Bespreek hoe die tema van gedwonge hervestiging in die toneelstuk blootgelê word. Gebruik spesifieke voorbeelde uit die toneelstuk en toon hoe die stelling hierbo 'n geldige (korrekte) beskrywing van Sophiatown se geskiedenis is. (8)

**[30]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI**

Lees die uittreksel uit *Nothing but the Truth* hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**BRON A**

| | |
|---|---|
| | Sipho *enters the kitchen unnoticed.* |
| MANDISA: | Come with me to London. We will go together to London Fashion Week. My father always said he wished you could come to London. |
| THANDO: | I am so excited, and confused at the same time. What about Mpho? |
| MANDISA: | It is only for three weeks Thando! One week in Johannesburg and two weeks in London. That can't change his mind about you, if he really loves you. |
| THANDO: | I know that. Mpho is not the problem. I am not sure that my father would agree. |
| MANDISA: | To Hell with your father! It's your life! If Mpho doesn't mind, why do you care about your father? Tell him you are going away with me to London for two weeks. It's not like you are going forever! Even if you were it would still be your decision. |
| SIPHO: | Well spoken, Mandisa! Like father, like daughter! |
| MANDISA: | Oh, not again! I think I should buy you squeaky shoes. |
| THANDO: | Look Daddy, it's not like that! I haven't said I would go. I would never go without your permission and blessing! |
| MANDISA: | Blessing yes, permission no. It is up to you, Thando, if you want to go with me. You are old enough to make decisions yourself. |

7.1 Bespreek hoe Sipho se ongemerkte binnekoms (reël 1) bydra tot die toneelmatige afwagting en spanning in hierdie toneel. (4)

7.2 Mpho is 'n karakter agter die skerms.

7.2.1 Wat word met die term *karakter agter die skerms* bedoel? (1)

7.2.2 Wat is die toneelmatige uitwerking daarvan om Mpho as 'n karakter in *Nothing but the Truth* in te sluit? (3)

7.3 Hoe onthul (toon) Mandisa se houding in reël 10–13 haar karakter? (3)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


7.4 Bestudeer Sipho se opmerking: 'Well spoken, Mandisa! Like father, like daughter!' (reël 14).

7.4.1 Hoe sal die aktrise wat Mandisa vertolk, fisies op Sipho se woorde reageer? (3)

7.4.2 Verduidelik hoe die frase 'Like father, like daughter!' (reël 14) 'n kerntema van die toneelstuk opsom. Verwys in jou antwoord na TWEE voorbeelde uit die toneelstuk. (4)

7.5 Verduidelik Kani se gebruik van taal en dialoog in BRON A en hoe dit die realistiese genre van die toneelstuk ontwikkel. (4)

7.6 Jy is gekies om die rol van ÓF Mandisa ÓF Thando te vertolk. Verduidelik hoe jy Stanislavski se toneelspeltegnieke in jou voorbereiding en opvoering van die rol sou gebruik. (8)

**[30]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Verwys na die uittreksel uit *Groundswell* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| JOHAN: | You're thinking about the parcel? |
| THAMI: | *(Cracking.)* So, *why not?* One small handful of sparkling diamonds in a paper parcel, and there it is – instant bright future. No waiting for years, working. No waiting for years, working. No sweat and tears. No village nonsense-makers to drive us mad. |
| JOHAN: | *(Emphatic.)* It's illegal, that's why not. *Oko kuchasene nomthetho*. (Against the law) |
| THAMI: | I prefer to say 'informal'. I – D – B: *Informal* diamond buying. |
| JOHAN: | Whatever you call it, dealing in stolen diamonds is a bad business. |
| THAMI: | With good profits. |
| JOHAN: | And high risks. |
| THAMI: | No, man. Not high risks – these policemen here are part of the business. |
| JOHAN: | *(Impatient.)* Must we go over this again? The local police have to make like they're doing their job, and the sacrifice will be – who? The new kid … the *moegoe* (fool) trying to get in on the game. The decent *ou* falling into temptation. |
| THAMI: | But we're not *moegoes*, man. |
| JOHAN: | And we're definitely not criminals. |
| THAMI: | I'm just *saying*. I'm just saying there's an easier way than digging up the river's banks. *Thami picks up the polishing rag, sniffs at it, then exits through the kitchen door, with the rag, the broom and dirt-pan.* |
| JOHAN: | *(Shouts after him.)* There's no *easy* way. You want to know how many *ous* are locked up today because they thought there was an easy way? |

8.1 Sê waarom Thami die woord 'informal' (reël 8) gebruik. (2)

8.2 Beskryf die stemtoon en volume wat jy sou voorstel die akteurs in hul vertolking van reël 10 en 11 moet gebruik om hul kontrasterende idees te beklemtoon. (2 x 2) (4)

8.3 Verduidelik hoe jy te werk sou gaan om die karakter van Thami fisies en vokaal in reël 2–5 te vertolk soos wat hy op Johan se vraag in reël 1 reageer. (6)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.4 Verduidelik wat Thami in reël 12 bedoel wanneer hy sê: '… these policemen here are part of the business'. (2)

8.5 'And we're definitely not criminals' (reël 18).

Assesseer hoe Johan se stelling ironies is in die lig van gebeure later in die toneelstuk. (4)

8.6 Verduidelik wat die taal en dialoog in hierdie uittreksel suggereer oor die verhouding tussen Thami en Johan. (4)

8.7 Johan en Thami se verskillende uitgangspunte oor onwettige diamantkopery in hierdie toneel lei tot toenemende spanning in hulle verhouding. Bespreek hoe die emosionele spanning in die verhouding tussen die karakters uitspeel in hul gebruik van liggaam, stem en verhoogruimte. (8)
**[30]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

| | |
|---|---|
| TJOKKIE: | Tiemie wil met Ma praat, nie ek nie. Toe sê nou vir Ma. |
| TIEMIE: | Nee. |
| TJOKKIE: | Sê nou vir Ma. |
| TIEMIE: | Ek kan nie. |
| TJOKKIE: | Toe sê nou vir Ma. Ek het niks met die hele ding uit te waaie nie. |
| TIEMIE: | Asseblief Boetie. |
| MA: | Wat is aan die gang? |
| TJOKKIE: | Tiemie is in 'n ander tyd. Jakes het haar in 'n ander tyd. |
| MA: | Tiemie? Tiemie, my kind? |
| TIEMIE: | Ek is nog nie seker nie, Ma, maar ek hou al twee weke uit, ek's nog net twee weke oor … Dink Ma? |
| MA: | *(na 'n pouse*). Jy't nie dalk koue gevat nie? Of 'n trek op die motorfiets gekry nie? |
| TIEMIE: | Ma weet ek is baie gereeld. |
| MA: | Hoe lank? |
| TIEMIE: | Twee weke |
| MA: | Dis nog nie so lank nie. Wat gaan ons maak? Miskien is dit nie so nie, miskien … Agge nee, my kind, Ma het jou mos nie so grootgemaak nie. Ma het jou goed probeer grootmaak. |
| TIEMIE: | Het Ma? Het Ma regtig? Het Ma? |
| MA: | (*kry seer). Agge nee, my kind. (Pouse.)* Ma het probeer … Ma het so gedink … |
| TJOKKIE: | Met ou Giel in die huis en met daardie dun slaapkamermuur. Ma praat hard in Ma se slaap. Dink Ma ons het nie van kleins af geluister nie? |
| MA: | Tjokkie, my kind! |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

9.1 Verduidelik hoe jy wisseling in stemtoon en volume sou gebruik om Tjokkie se toenemende ongeduld met sy suster te beklemtoon wanneer hy die frase 'Sê nou vir Ma' (reël 1, 3 en 5) herhaal. (6)

9.2 Waarna verwys Tiemie wanneer sy sê: '... ek's nog net twee weke oor ...' (reël 10–11)? (2)

9.3 Verduidelik hoe die dramatiese spanning beïnvloed word wanneer Tjokkie later in die toneelstuk verkeerd bewys word wanneer hy sê: 'Ek het niks met die hele ding uit te waaie nie' (reël 5). (4)

9.4 Verduidelik die toneelmatige uitwerking van Tiemie se woorde: 'Het Ma? Het Ma regtig? Het Ma?' (reël 20). (4)

9.5 Bespreek hoe PG du Plessis se gebruik van taal en dialoog in BRON A 'n realistiese omgewing tipies van die tydperk op die verhoog skep. (4)

9.6

| |
|---|
| Hierdie toneelstuk word in die 1970's in 'n wit Afrikanerhuis geplaas. Dit het geen betekenis vir Suid-Afrikaners vandag nie. |

Bespreek die geldigheid van die stelling hierbo met verwysing na die kwessies wat in BRON A en die toneelstuk in geheel beklemtoon is. (10)

**[30]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Bestudeer die bronne en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**




***Mis* deur Reza de Wet**

10.1 Noem die TWEE karakters wat A en B in BRON A gemerk is. (2)

10.2 Verduidelik waarom die kostuum en rekwisiete vir karakter B geskik is. (4)

10.3 Sê tot watter mate die foto hierbo 'n akkurate uitbeelding van die verhouding tussen karakter A en B is. (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## BRON B

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | … Elke geur is verskillend. Ouer vroue gee af ... 'n sekere ... (*Hy snuif in MIEM se rigting*) … sekere reuk. Maar 'n ongetroude vrou: (*Hy snuif in GERTIE se rigting, sy giggel en skram weg*.) … sy het 'n skerper welriekendheid. 'n Bietjie … suur. 'n Bietjie soos dikmelk. |
| GERTIE: | O! |
| KONSTABEL: | Nou ja … *(gebruik sy stok om te navigeer; hy beweeg stadig nader aan MEISIE, snuif liggies.)* … 'n jong meisie gee 'n baie spesifieke parfuum af. *(Reg langs MEISIE. Hy haal diep asem, asof hy 'n blom ruik. MEISIE raak verleë en laat haar kop hang.)* *(Gemoedelik)* Die geur … van 'n jong dame. |
| MIEM: | Baie interessant, Konstabel. |
| GERTIE: | *(Effens suur.)* Ja, dit is. |

10.4 Verwys na Konstabel se woorde (reël 1–10).

10.4.1 Beskryf hoe jy die akteur wat Konstabel vertolk, sou lei om hierdie reëls (1–10) vokaal en fisies op te voer. (4)

10.4.2 Hoe berei Meisie se reaksie op Konstabel se woorde in reël 1–10 ons op die toekomstige aksie in die toneelstuk voor? (3)

10.4.3 Wat vertel Gertie se woorde in reël 5 en reël 12 die gehoor oor haar reaksie op Konstabel se woorde (reël 1–10)? (2)

10.4.4 Bespreek die betekenis van die verwysings na reuke en die reuksintuig (ingelei in reël 1–10) in die toneelstuk in geheel. (8)

10.5 Stel, met redes, 'n geskikte stemvolume en stemtempo voor wat 'n aktrise sou kon gebruik om die 'effens suur' toon in reël 12 te beklemtoon. (4)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING C: PAS PERSOONLIKE HULPBRONNE TOE EN BESIN EN EVALUEER

AFDELING C is VERPLIGTEND.

### VRAAG 11

Lees die uittreksel uit *Tshepang* deur Lara Foot Newton en beantwoord die vrae wat volg. Die toneelstuk is geïnspireer deur die brutale verkragting van die nege-maande-oue baba, Tshepang. Daar is twee akteurs in die produksie. Simon vertel die storie en vertolk verskeie karakters. Ruth is op die verhoog, maar praat nie.

| | |
|---|---|
| SIMON: | Sy het die heeltyd geweet.<br>Sy was te bang om hulle te vertel, want sy was sy houvrou.<br>Nou praat die dorp! Waarom het sy dit geheim gehou? Waarom het sy nie enigiets gesê nie? …<br>Alfred was dronk. Hy wou seks gehad het. Ruth wou gaan drink en het nie belanggestel nie. Sy het haar baba op die bed gelos en *tavern* toe gegaan.<br>*Ruth plaas die brood op die klein bedjie.*<br>Dit het gou donker geword. Die son het ondergegaan.<br>*Hy beeld die verkragting uit deur die besemstok en die brood te gebruik.*<br>Later het Sarah, die een met die goue tand, na die huis toe gekom om vir Ruth te soek. Sy het ingeloop, Siesie gehoor skree en 'n vuurhoutjie getrek. Alfred het vir 'n oomblik gestop. Sarah het na hom gekyk, na die baba, en toe die kamer verlaat ... en niks gedoen nie. Toe het Alfred voortgegaan. Hy het later haar liggaam in die veld gaan gooi ... waar Dewaal haar gekry het. |

11.1 Verduidelik tot watter mate die karakter Simon 'n verteller genoem kan word. (2)

11.2 As die enigste praatrol in die toneelstuk is Simon se stemvertoning noodsaaklik vir die sukses van die toneelstuk. Beskryf hoe jy toon, tempo en volume in reël 1–8 sou gebruik om tot die hoogtepunt (klimaks) op te bou in hierdie uittreksel. (6)

11.3 Die verhoogaanwysings in reël 9 sê: *'Hy beeld die verkragting uit deur die besemstok en die brood te gebruik.'*

11.3.1 Waarom het die dramaturg gekies om die simbool van 'n brood te gebruik om die baba uit te beeld en die besemstok as die verkragter? (3)

11.3.2 Beskryf hoe jy die akteur wat Simon vertolk, reël 9 sou laat opvoer om die aakligheid van die verkragting vir die gehoor te vergroot. (4)

**[15]**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 12**

Verwys na die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

12.1 **BRON A**




**PUSH Fisiese Teater**

12.1.1 Al die verhoogkunstenaars dra mediese krukke (gemerk A) en 'n paar van die kunstenaars dra chirurgiese maskers (gemerk B). Verduidelik hoe hierdie krukke en maskers die kunstenaars se opvoering kon beïnvloed. (5)

12.1.2 Beskryf die voordele en nadele van die stelte (gemerk C) wat deur die sentrale kunstenaar gebruik word, om sy rol in die opvoering te definieer. (4)

12.1.3 Bron A wys kunstenaars van die PUSH Fisiese Teatergeselskap. Vergelyk die verskil in opvoerstyle tussen dansgeselskappe en fisieseteater-geselskappe. (6)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.2 **BRON B**

> Ek het Dramatiese Kunste geneem omdat my ouers gesê het dit sal goed wees vir my, maar ek ly aan plankevrees/verhoogvrees. Toe ek opgestaan het om my deel op te sê, was ek so skaam dat ek my woorde vergeet en gestruikel het. My Dramatiese Kunste-onderwyser het my gesouffleer/ voorgesê. Ek het tot die einde van my monoloog gevorder, maar ek het vergeet om gebare te gebruik. Ek oorweeg dit om van vakke te verander omdat ek bang is ek sal nooit daarin sal slaag om behoorlik toneel te speel nie. – Lindi ('n graad 10-Dramatiese Kunste-leerder)

12.2.1 Verduidelik die betekenis van *verhoogvrees*. (Reël 2) (2)

12.2.2 Wat gebeur wanneer jy *gesouffleer/voorgesê* word? (Reël 4 en 5) (2)

12.2.3 Gee 'n definisie vir die term *monoloog*. (Reël 5) (2)

12.2.4 Verduidelik wat jy verstaan onder die term *gebare*. (Reël 5) (2)

12.2.5 Watter raad het jy vir Lindi wat haar sal help om haar woorde te onthou wanneer sy alleen op die verhoog optree? (3)

12.2.6 Gebruik jou ondervinding as 'n Dramatiese Kunste-leerder en gee TWEE redes waarom Lindi met die vak moet voortgaan. (4)

**[30]**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 13**

Beantwoord EEN van die volgende drie vrae: VRAAG 13.1 OF VRAAG 13.2 OF VRAAG 13.3.

Jou antwoord moet ongeveer EEN bladsy lank wees.

13.1 **LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**



Neil Coppin se produksie van *Abnormal Loads* maak staat op ingewikkelde beligting en teatereffekte om 'n visuele fees vir die oog te skep. Dit verhoog (dra by tot) die gehoor se genot van die produksie.

***Abnormal Loads* geskryf en geregisseer deur Neil Coppin**

Evalueer die belangrikheid van tegniese aspekte in die skep van 'n produksie. Jy mag enige van die punte in die lys hieronder gebruik.

- Dramapraktisyns wat jy bestudeer het
- Toneelstukke waarvan jy die opvoerings gesien het
- Dramatekste wat jy bestudeer het
- Jou eie ondervinding van toneelspeel **[15]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


13.2 **MEDIASTUDIES (KEUSEVRAAG)**

| |
|---|
| Die fotoregisseur ('director of photography – DOP') se werk is om die regisseur se begrip en visie van die teks te bereik, insluitend wat die boodskappe is wat hy wil oordra (indien enige), hoe die karakters en die wêreld wat hulle bewoon, lyk, dink, voel, proe. Met die gebruik van beligting, komposisie en kamerabeweging verweef die 'DOP', met behulp van sy kamera, beligting en kamera- en beligtingshandlangers ('grip crew'), verskeie vlakke van suggestie in die film se estetiese materiaal. – Guy Peires |

Bespreek en evalueer die belangrikheid van fotografie en beligting wanneer 'n film gemaak word. Jy mag enige van die punte in die lys hieronder gebruik.

- Films waarna jy gekyk het
- Draaiboeke wat jy bestudeer het
- Jou eie ondervinding van films maak **[15]**

**OF**

13.3 **KULTURELE OPVOERING EN RITUELE (KEUSEVRAAG)**

| |
|---|
| Die meeste kinders (veral in die stedelike gebiede) word nie vroeg en goed genoeg geleer om kulturele opvoerings en rituele te waardeer nie. |

Uit die perspektief van óf 'n deelnemer óf 'n toeskouer, evalueer hierdie aanhaling met betrekking tot enige van die punte in die lys hieronder.

- Die funksie van kulturele opvoerings en rituele in die samelewing
- Kulturele opvoerings en rituele waarna jy gekyk het en wat jy bestudeer het
- Kulturele opvoerings en rituele waaraan jy deelgeneem het **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com